*Prof. J. van der Elst*
*Departement Afrikaans-Nederlands*

# DIE BEELDING VAN CHRISTUS IN DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDE : 'N OORSIG EN 'N EVALUASIE*

## 1. Inleidend

Die term 'literatuur' in bogenoemde verband is wyds en verdien 'n nader presisering. Dit is naamlik so dat alle leesstof oor talle onderwerpe deurgaan vir literatuur. By die bespreking van bogenoemde onderwerp gaan dit egter om die literatuur met letterkundige allure – literatuur wat gereken word tot die woord- of taalkunswerk.

'n Literêre kunstenaar, die man agter die taalkunswerk, hanteer die woord en taal om 'n bepaalde werklikheid op 'n unieke wyse te verbeeld. Die uitgebeelde werklikheid of wêreld van die in die letterkundige werk het raakpunte met die kunstenaar se eie werklikheid en behoort te kommunikeer met die leser en sy werklikheid. By die literêre werk kan 'n mens onderskei tussen 'n skepper (die outeur) en 'n verwerkliker (die leser). In die resepsie-estetika word die mening gehuldig dat die literêre werk by die grasie van die leser as deelnemer aan en verwerkliker en onthuller van die literêre werk bestaan (Segers, 1978, p. 9).

## 2. Die Christusbeeld

In die loop van hierdie bespreking word verwys na die beelding van Christus in werke wat as letterkundig beskou word. Voorbeelde word veral geneem uit die Nederlandstalige prosaliteratuur (dié van Nederland en België) van die Middeleeue tot vandag toe. Die Christusbeeld is, komparatisties gesien, deur die eeue veelvuldig in Westerse literature benut en kom van werk tot werk as 'n steeds terugkerende element (motief) terug.

## 3. In die Middeleeue

Wat betref die Middeleeue kan verwys word na Middeleeuse drama *Dit is van der siecten der broosser naturen* waarvan 'n geskrewe teks van 1510

* Uittreksel uit intreerede by die aanvaarding van 'n professoraat in die Departement Afrikaans-Nederlands, 8 Junie 1979.

bestaan[1]. Die ruimte van hierdie drama is 'n Middeleeuse markplein en dit is op dergelike pleine waar die Middeleeuers in hul vrye tyd pret en jolyt gaan soek het — dit was die plek vir openbare byeenkomste, opvoerings en religieuse samekomste.

Evangelieverkondiging was dus een aspek van die bonte variasie verskynsels op so 'n Middeleeuse markplein. Die Middeleeuse publiek was ongeletterd — die magtige middel van die geskrewe woord was vir die gewone man ontoeganklik. Die Latynse kerkdienste was ontoereikend om die Blye Boodskap aan die ongeletterde mee te deel. Een van die middele tot bereiking was die dramatisering van Bybelse stof. Die onbekende outeur van die bogenoemde drama wou iets van Christus as die groot geneesheer, die groot sondevergewer by sy gehoor tuisbring en hy vind dan 'n *beeld* vir Christus in die gestalte van 'n kwaksalwer/negosieman.

Wanneer die kwaksalwer — 'n bekende verskyning op die markpleine — aan die woord gestel word, dan klink die Christusbeeld dadelik deur:

Comt alle tot mi, die mijns begheren.
Die blint sijt, doof cropel ende manck,
Alle siecten, die van ick wel weren,
Comt alle tot mi, die mijns begheren...

Die Middeleeuse publiek was vertroud met die allegoriseringstegniek en het gou in die kwaksalwerfiguur die Christusfiguur herken. Die aanknopingspunt, die kwaksalwer, was dus die vonk tot Evangelieverkondiging. Die beeldgebruik het 'n positiewe doel gehad.

Ondanks die feit dat die Middeleeuse kunstenaar ietwat vrypostig omgegaan het met sy beelde vir Christus het die verheerliking van Christus en die verbreiding van die Evangelie meesal vooropgestaan.

Dit is so dat die Christusfiguur deur die eeue heen literatore en beeldende kunstenaars se verbeelding aangegryp het en tot vandag benut Christen en heiden die Christusbeeld, anders as die Middeleeuse kunstenaar, om verskillende doeleindes. Die neiging bestaan om steeds meer roofbou op die Bybelse Christusbeeld te pleeg. Opvallend is dan ook die benutting van fragmente van die Christusbeeld. Om verskillende redes en met verskillende doeleindes word talle aspekte van die Christusbeeld gesamentlik en afsonderlik gehanteer. Daar is sy lyding, sy wederkoms, sy sagmoedigheid, sy een-

1) Vergelyk die bespreking van Herman Pley in Spektator 5, 1975/1976.

saamheid, sy verlosser-wees, sy medemenslikheid (sosiale bewoëntheid), sy heiligheid en selfs sy bruidegom-wees.

Wat laasgenoemde betref kan verwys word na die bekende Middeleeuse digteres Hadewijch wat Christus (simbool van geestelike liefde) in een van haar gedigte verbeeld as 'n ridder wat fier en trots soos 'n prins sy bruid tegemoetgaan. Suster Bertken se Christusfiguur neem weer die gestalte van 'n tuinman aan. (Ic was in mijn hoofkijn om cruut gegaan).

### 4. Die Christusbeeld in die moderne tyd

Die Godgerigtheid van die Middeleeuse gemeenskap het in die Middeleeue plek gemaak vir 'n mensgerigtheid. Slings (1975, p. 116) sê dat „de mens zich (in hierdie tydperk) in principe afwendde van God en zich losmaakte uit de traditionele verbanden, die in de Middeleeuwen sterk werden beheerst door de roomse kerk en de traditie". Die eerbied en ontsag waarmee die Middeleeuer Bybelse stof en die Christusbeeld gehanteer het, het in die Renaissance ietwat verlore gegaan. Hoewel die Renaissansis die Christusbeeld nie links laat lê het nie word vir die doeleindes van hierdie artikel nie hier daarop ingegaan nie maar word nou 'n sprong na die hedendaagse literatuur gemaak.

Die literatuur van die hede word allermins gekenmerk deur Christelikheid. Uitsprake van 'n bekende Nederlandse outeur dien as bevestiging: Harry Mulisch: „Na de liquidatie van de christelijke kultuur waar we nu aan bezig zijn gaan we weer zien wat de mens is: een grotbewoner op een planeet".

W.F. Hermans: „Christenen die oprecht menen dat het christendom nog een toekomst heeft, doen alleen maar of ze niet weten dat ook nu al zo ongeveer de helft van de mensheid blijkt het zonder god te kunnen stellen en méér dan de helft het in elk geval zonder god afkan" (Hofman, p. 163).

Met dergelike uitsprake uit die mond van vooraanstaande literatore kan 'n mens jou voorstel dat van 'n evangeliese beelding van Christus weinig tereg sal kom. Tog bly Hy ook vir die moderne kunstenaar nog die fassinerendste figuur van alle tye, 'n magneet waarvan die kragveld onverwoesbaar is, 'n onoortreflike supermens. Die moderne Nederlandse prosa se beginpunt lê by *Max Havelaar* van 1859, die unieke werk van Eduard Douwes Dekker wat self eenkeer gesê het dat hy Jesus baie liefgehad het. Die titelkarakter word in sy oorgegewenheid aan die saak van die onderdruktes, die inwoners van die Nederlandse koloniale ryk wat vandag as Indonesië bekend staan, 'n beeld van Christus. Hy plaas sy hele bestaan, sy loopbaan, sy gesinslewe op die spel om minder bevoorregtes te red van slawerny. In *Max Havelaar* tref 'n mens die sosiale Christusbeeld aan. Die hoofkarakter is slagoffer vir „mil-

lioenen onderdanen (die) worden mishandeld en uitgezogen".

Max Havelaar is die voorloper van meer dergelike sosiale Christusfigure soos wat hulle hul verskyning maak teen die einde van die vorige eeu, onder andere geïnspireer deur die Industriële Rewolusie. Die sosiale Christendom het toe sy opgang begin maak en het sedertdien nie weer verdwyn nie. Albert Schweitzer het in sy werk *The quest of the historical Jesus* daarop gewys en dit gaan om toestande teen die einde van die vorige eeu in Europa, dat oningewydes die Christusbeeld misbruik het om hulle eie godsdienstige menings te lug waarin Christus veral as 'n sosiale hervormer moes figureer (Ziolkowski, 1972, p. 57). Felix Hollaender het Christus die eerste Sosiale Demokraat genoem (op. cit., p. 58). 'n Raakpunt met so 'n sosiale Christusbeeld kry 'n mens in Frederik van Eeden se bekende werk *De kleine Johannes.* Wanneer Johannes op sy gang langs lewensraaisels uiteindelik 'n lewensrigting moet kies, dan word hy aangesê om die naam van die Verlosser te verwerp, maar die gestalte wat hy moet volg na die mensheid en sy weedom – 'n humanitêre weg dus – het in woord en beeld onmiskenbaar trekke van Christus:

> Ik was het, die u deed weenen om de menschen, terwijl gij uwe tranen niet begrijpen kondet. Ik was die u deed liefhebben, waar gij uwe liefde niet verstondet...

en dan veral die volgende:

> Ik ben bij u geweest, en gij hebt mij niet gezien, ik heb uwe ziel bewogen en gij hebt mij niet gekend (1952, p. ).

Die vervorming en misvorming van die Christusbeeld is ontstellend in die verhaal *De heer Mellenberg* van J.M.A. Biesheuvel wat 'n Christusfiguur met onmiskenbare bedoelings in 'n sielsieke-inrigting laat optree[2]. Die ek van die verhaal stel homself as die Messias voor aan 'n sekere mnr. Mellenberg wat besig is met 'n verhandeling oor die invloed van parfuum en die drukking van eb en vloed op die oor: Mellenberg word demonies ingespan om kommentaar te lewer: „ik hoop dat je gauw beter wordt, want er is nooit een Messias geweest en er zal er nooit een zijn" (1974, p. 11).

2) Sien die reeds gesiteerde werk van Ziolkowski (p. 101) wat verwys na sielkundige werke oor Christus: Albert Schweitzer – Die psychiatrische Beurteilung Jesu: Darstellung und Kritik (1913); George de Loosten (ps. van George Lomer: Jesus Christ from the standpoint of a psychiatrist (1905); Charles Binet Sanglé: La folie de Jésus (1908-1915), 'n werk in vier dele.

Die siening van Christus as 'n persoon wat psigies versteur is, het onder andere sy wortels by Nietzsche. Dit is ook hy wat in 'n belangrike mate bygedra het tot die verdere ontluistering van Christus in die moderne letterkunde. In sy werk *Der Antichrist* het hy die Christendom die een onsterflike skandvlek van die mensheid genoem (Slings, 1975, p. 40). So het hy onder andere die weg gebaan vir die eksistensialisme en die eksistensialistiese letterkunde.

In die moderne letterkunde word aspekte van die Christusfiguur, byvoorbeeld sy lyding, benut as 'n handige hefboom, 'n maklike verwysingsveld.

'n Voorbeeld hiervan vind 'n mens in *Het boek alfa* van die al meermale bekroonde Vlaamse outeur Ivo Michiels (ps. van Ceuppens). Die hoofkarakter, 'n soldaat, word in sy eensaamheid, lyding en skande omring deur 'n hosannaroepende skare. Hy word deur aanranders ontklee en as 'n gekruisigde teen die grond vasgedruk. By sy inisiasie in die fabriekslewe word die hoofkarakter se kop in 'n houer met lym gehou en hy sê die kruiswoorde na: „Ik heb dorst" (1967, p. 56).

Deur gebruikmaking van die algemene verwysingsveld rondom die Christusbeeld, word die eksistensialistiese eensaamheid van sy hooffiguur beklemtoon. Dit lê beslis nie in Michiels se bedoeling om die Christusbeeld ter wille van Christus te gebruik nie. Die hoofkarakter verlang na 'n menslike staat van ongereptheid – sy utopia lê in 'n aardse bedeling.

'n Ander bekende en bekroonde Vlaamse prosaïs, Hubert Lampo, het in *De komst van Joachim Stiller* aspekte van die Christusbeeld, soos sy wederkoms, sy opstanding benut. Op die punt van die ontknoping in die roman, kom die karakter genaamd Joachim Stiller, per trein op 'n stasie aan waar op daardie tydstip geen treine meer behoort te wees. 'n Mens kry hier 'n soort wederkoms na aanleiding van die wederkoms van Christus. Hy word beskryf as 'n man „in een lichtgrijs tweedpak... Ik zou gezworen hebben dat hij van Joodsen bloede moest zijn..." (p. 154).

Hy is draer van 'n verlossingsboodskap, maar voordat hy daardie boodskap kan bring, word hy voor die stasie deur 'n militêre vragmotor doodgery. Die parallel met die Christus van die Bybel word tot in sy uiterste konsekwensies deurgetrek wanneer Stiller se lyk, onopgeëis, uit die dodehuis verdwyn. Die aankondiging lui – byna in Statebybeltaal – : „Verleden nacht, ten derde dage na zijn dood, is het lichaam van de man, ons bekend als Joachim Stiller, op onverklaarbare wijze verdwenen" (p. 164).

Lampo, eksponent van die sogenaamde magiese realisme in die literatuur, wou iets uitbeeld van die magiese en onverklaarbare bestaan van Stiller. Sy beeld, met hoeveel raakpunte aan dié van die Bybelse Christus, word gereduseer tot 'n kern van die onverklaarbare in die menslike bestaan. Die

dood van hierdie soort Christus beteken vir die romankarakters 'n onherroeplike einde wat binne die romanwêreld nie noodwendig negatief vertolk word nie: „Wij wisten intuïtief dat alles nu voorgoed voorbij was. Wij wisten ook dat, dankzij Stiller's bloed op de keien en in het tramspoor, de witte zomerwolken als grote karvelen met ontplooide zeilen veilig door een blauwer wordende hemel over deze wêreld aan de rand van een onbegrijpelijk heelal zouden blijven voortdrijven".

Nie net in die prosa nie, maar ook in die poësie word veelvuldig van die Christusfiguur gebruik gemaak. 'n Mens kry Christusbeelde by digters soos Martinus Nijhoff, Gerrit Achterberg, Lucebert. In die Afrikaanse poësie is daar Breyten Breytenbach en Adam Small en in die Afrikaanse prosa kan onder andere verwys word na Etienne Leroux (*Een vir Azazel)* en Berta Smit (*Die man met die kitaar)* wat almal op verskillende maniere met een of ander opset beelde van Christus in hulle werk skep.

## 5. Slotbeskouing en evaluering

In die voorgaande beskouing is aangedui hoe die Christusfiguur in die literatuur as beeld gebruik en misbruik is. In sommige gevalle is die „aanwending" onthutsend.

Die ontstellende en ontluisterende moet die Christenkritikus en -leser steeds weer bewus maak van en heenwys na die volle en onvervalste beeld van 'n Verlosser soos ons Hom, geïnspireer deur die Heilige Gees, uit die Skrif leer ken.

Dit bly nogtans die literêre kritikus se ambag om kennis te neem van alle werke met literêre pretensie. Dit is sy ambag om dergelike werke volgens (interne?) literêre norme te analiseer en te evalueer. Een van daardie belangrikste literêre norme is die eis van literêre eenheid, reeds lankal geformuleer deur Wellek en Warren in *Theory of Literature* – eenheid in die verskeidenheid. Die vrae wat met hierdie eis gepaard gaan lui so: Is alles in 'n bepaalde werk funksioneel? Dien karakters, gebeure, beweging, tydruimtelike aspekte en perspektief 'n bepaalde doel? Is daar nie aspekte wat die eenheid of die struktuur van 'n werk versteur nie? Binne die ruimte van die literêre normering word gewerk met aspekte soos godslastering en Christusontluistering en word die funksionaliteit daarvan bestudeer.

*Maar* elke Christenliterator weet dat hy daar nie kan ophou nie – hy kan interpreteer, normeer en evalueer binne die kompartement van die literêre bedryf, maar die literêre kritikus is nie net literator nie. Die soewereiniteit van die literêre aktiwiteit word binne die raamwerk van die volle mens-wees van die literator gerelativeer. Niemand kan sy religieuse belewing buite wer-

king stel nie.

Wanneer die Christenliterator sy eindoordeel oor 'n literêre werk slegs op streng literêre norme baseer, dan pleeg hy isolasiebedrog. Die literêre werk in sy konkrete opset as publikasie bly nie geïsoleerd van die gemeenskap, die publiek, die nie-literatore nie. Al beweer baie kunstenaars dat hulle nie vir die publiek skryf nie, kan hulle nie wegkom van die feit dat die literêre werk tog ook 'n sosiale objek word op die oomblik wanneer dit in die boekhandel te koop aangebied word. Waar Christus in die literatuur misbruik en sy beeld verwring word, moet die Christenkritikus sy stem laat hoor.

Aan die ander kant van die draad is daar egter ook isolasionisme. Die nie-literatore moet besef dat die bekwame literator en kritikus die draagkrag van elke nuansering, ook waar dit gaan om die beelding van Christus – uit hoofde van sy ambag – baie beter kan peil as enigiemand anders. Die literêre kritikus het uit hoofde van sy opleiding die gereedskap om die literêre werk te ontsluit. Waar die nie-literator agiteer en protesteer teen literêre oordele moet hy hom in alle billikheid vergewis of hy al goed en terdeë geluister het na die stem van die vakman en déúr hom na die stem van die kunswerk.

## GERAADPLEEGDE LITERATUUR

BIESHEUVEL, J.M.A. 1974[6]. In de bovenkooi. Amsterdam, Meulenhoff.

CEUPPENS, H.P.R. (ps Ivo Michiels). 1967[3]. Het boek alfa. Amsterdam/Antwerpen, De bezige bij/Contact.

DILLISTONE, F.W. 1960. The novelist and the passion story. Londen, Collins.

DOUWES DEKKER, E. (ps. Multatuli). 1970[9]. Max Havelaar. Amsterdam, Van Oorschot.

HOFMAN, E. 1978?) Dichtkunst, literaire kritiek en creativiteit in de Gereformeerde gezindte, utrecht, De Banier.

LAMPO, H. 1972[21]. De komst van Joachim Stiller. Amsterdam, Meulenhoff.

MILLER, C. Christ and the existential imagination. In: Christianity Today, 22 Okt. 1971.

MOSELEY, E.M. c. 1962. Pseudonyms of Christ in the modern novel; motifs and methods. University of Pittsburg Press.

PLEY, Herman. De sociale funktie van humor en trivialiteit op het rederykerstoneel. In: Spektator 5, 1975/1976, p. 108-127.

SEGERS, R.T. (red.) 1978. Receptie-Esthetika. Amsterdam, Huis aan de drie grachten.

SLINGS, G. 1975. Een boos en overspelig geslacht; de moderne literatuur als teken des tijds. Goes, Oosterbaan en Le Cointre.

VAN EEDEN, F. 1952. De kleine Johannes. Den Haag, Mouton.

WEBB, E. 1975. The dark dove; the sacred and secular in modern literature. Seattle, University of Washington Press.

WELLEK, R. & AUSTIN WARREN. 1966[3]. Theory of literature. Harmondsworth, Penguin Books.

WEIJTENS, H. 1930/1935. Christus onze tijdgenoot. Roermond, Romen en Zonen.

ZIOLKOWSKI, T. 1972. Fictional transfigurations of Jesus. Princeton, Princeton University Press.

**